**Saterdag 9 Januarie**

**Skrif- en Fokusgedeelte: Psalm 51:1-15; HK Sondag 2, Vraag 5**

## Die onderhouding van die wet

Die Here eis in sy wet van ons dat ons Hom moet liefhê met ons hele wese en ons naaste soos onsself. Die vraag is egter: Kan ek God 100% liefhê soos Hy van my vra, en my naaste soos myself? As God se Heilige Gees my lei om sy wet reg te verstaan en om my eie sondige lewe in die lig daarvan te beoordeel, moet ek op dié vraag antwoord: Nee, ek kan nie! Ek is vanweë my sonde geneig om te haat.

Hierdie neiging om te haat, is nie maar iets bykomstig in my lewe waarvan ek uit eie vermoë maklik ontslae kan raak nie. Inteendeel, dit is deel van my wese as sondige mens. Dawid toon dit duidelik aan as hy sê: *"Ek was al skuldig toe ek gebore is, met sonde belaai toe my moeder swanger geword het"* (Ps. 51:7). *"Ek is tot my wesensgrond toe skuldig"* (Ps. 51:3 berymd).

Ná die sondeval is daar iets wat nie meer kan gebeur nie: ek kan God en my naaste nie meer uit eie vermoë liefhê met 'n volkome liefde nie. Dit sit in my bloed om God en my naaste te haat. En as ek dit sien, sien ek ook die oordeel van God wat Paulus in Galasiërs 3:10 soos volg aandui: *"Daar rus 'n vloek op elkeen wat nie stiptelik alles doen wat in die boek van die wet geskrywe staan nie."* Vervloek deur God! Dit is verskriklik! *Dit is ons nood en ellende!*

As ons dit egter deur die verligting van die Heilige Gees, dan is daar vir ons hoop – hoe onmoontlik dit ook mag klink, want dan staan ons reeds in die lig van God se genade. Teenoor Paulus se harde uitspraak in Galasiërs 3:10 staan daar immers die troosvolle uitspraak in Galasiërs 3:13: *"Christus het ons losgekoop van die vloek wat die wet meebring deur in ons plek 'n vervloekte te word."* Dit is die wonder van God se genade: Christus wat valslik vervloek is met 'n beroep op God se wet (Joh. 19:7), baan vir ons die weg om bevry te word van die vloek wat regtens ons deel moes word van-weë ons wetsoortreding. So het Hy in ons plek volmaak die wet van God onderhou.

Daarom moet ons egter nou uit dankbaarheid met hart en siel daarna streef om die wet van God so goed as moontlik te onderhou (Rom. 6:13). Ook hierin kom die Here ons uit genade te hulp: Hy vernuwe ons deur sy Heilige Gees (Rom. 8:14, 15) sodat die onderhouding van sy wet vir ons nie 'n las is nie, maar 'n lus – 'n groot vreugde (Ps. 112:1; 119:35; Rom. 7:22; 1 Joh. 5:3).